# Die krokodil in my liggaam

Val Morris
Afrikaans





Hello, ek is Ntombi. Ek is 'n klein dogtertjie net soos ander klein dogtertjies, behalwe…
Ek het 'n krokodil in my liggaam.


Jy kan hom nie sien nie, maar ek weet hy is daar. Sy naam is Verskriklike Indringer. Hy kruip in my liggaam weg en rig geen skade aan my vriende aan nie.

Hy sal nie my liggaam verlaat en in joune gaan as jy langs my sit, of my hand vashou nie.





Hy sal nie my liggaam verlaat en in joune spring, selfs al deel jy jou middagete met my, of langs my op die vloer lê en rus nie.




My krokodil, die Verskriklike Indringer, is saam met my vanaf geboorte. Hy hou daarvan om al die soldate wat my liggaam help veg teen kieme en keer dat ek nie siek word nie, op te eet. Wanneer hy te veel van my soldate eet, word ek baie siek, en kan ek nie skool toe gaan en met my vriende speel nie.

Ek moet my medisyne elke dag op dieselfde tyd neem, anders word my krokodil in 'n slegte bui wakker en eet my soldate op. Ek wil nie hê hy moet dit doen nie, daarom herinner ek my ouma om my spesiale medisyne op tyd te gee.






Ek eet goeie kos soos groente en vrugte, sodat my soldate in my liggaam sterker kan word en my krokodil hulle nie kan vang nie. Ek dink hy gaan slaap vir 'n rukkie, omdat ek dan gesond, sterk en in staat is om weer met my vriende te kan speel. Ek is so bly wanneer hy gaan slaap want dan kan ek speel.




My ouma het my 'n rukkie gelede na die kliniek geneem en iets spesiaal gekry om my krokodil te voer. Dit maak hom slaap, dan eet hy nie my soldate nie. Ek in dan in staat om al die lekker dinge soos hardloop, klim en dans wat ander kinders doen, te kan doen.





Ek hou baie van my ouma. Sy is goed en gaaf teenoor my. Sy gee my goeie kos om te eet en sorg dat ek ekstra vitamiene neem om my soldate sterk te hou, sodat ek nie siek word. As ek siek word, neem sy my dadelik kliniek toe sodat ek medisyne kan kry om my beter te maak. Ek is mal daaroor om op haar skoot te sit, wanneer sy vir my stories lees voor ek bed toe gaan.



Nadat ouma my in die bed gesit het, dink ek aan baie dinge . Ek dink aan leer lees op groot skool. As ek aanhou om my spesiale medisyne te neem, wat my krokodil laat slaap, sal ek na my ouma kan omsien en vir haar stories lees wanneer sy baie oud is en nie meer goed kan sien nie. Wanneer ek 'n volwasse vrou word, wil ek graag studeer. Ek wil help om medisyne uit te vind wat al die krokodille in ander persone se liggame vir ewig sal laat slaap.

Ek sal leer om met my krokodil saam te leef en hom aan die slaap te hou soveel as wat ek kan.
Ek sal baie vriende hê, en elke dag soveel pret hê soos wat ek kan.






My ouma, tannies, ooms en vriende is lief vir my, selfs al het ek 'n krokodil genoem Verskriklike Indringer in my liggaam.

# Die krokodil in my liggaam

Writer: Val Morris
Illustration: Felicity Bell
Translated By: Xiancha
Language: Afrikaans



Books in Homes is supported by White River Rotary Club South Africa.

© Books in Homes, 2013

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative